TERUGVOER VIR KONSULTASIEPROSES

NG Gemeente P.E. Patmos

Algemene opmerkings

Die een belangrike punt wat ek onder wie ook al se aandag wil bring is dat baie van die mense wat gekonsulteer is nie noodwendig alles volgens die kategorieë van die opgestelde stuk wou beantwoord nie – daar was heelwat opmerkings wat wyer strek as die opskrifte en talle kere is daar legitieme vrae gevra wat ek voel êrens hier ook weerspieël moet word.

A. Skopus van konsultasie

Die betrokke dokument(e) is behandel met kleingroepe in die gemeente asook individuele lidmate. Al die relevante dokumente is aan die gemeente beskikbaar gestel. Die terugvoer hieronder gegee weerspieël die sieninge van hulle asook die algemene indrukke gekry uit huisbesoeke waar die onderwerp ter sprake gekom het.

B. Konfessionele Basis

Die oorheersende indruk wat ek uit die reaksie gekry het is tweeledig. Enersyds het bitter min mense al die Belhar belydenis gelees en tweedens is daar ŉ bepaalde agterdog by feitlik almal oor ŉ moontlike verskuilde politieke motivering vir die belydenis. ŉ Paar lidmate het veral sterk gevoel teen die idee dat God aan enige iemand se kant is. Die bedenkinge wat uitgespreek is, is ook dat die belydenis op sekere punte die Woord laat buikspreek om ŉ sekere politieke agenda te handhaaf. Soos reeds gesê is, het baie –selfs met die stukke wat uitgedeel is in hulle besit nie Belhar gelees nie en het slegs ŉ vae ongemaklikheid met moontlike politieke motiewe agter die belydenis. Die indruk is egter deur baie geskep dat hulle dit glad nie op dieselfde vlak as die ander belydenisskrifte beskou of aanvaar nie.

C. Die Model

Oor die model is daar verskeie vrae en voorbehoude geopper. Die standaard vraag gaan oor kulturele en aanbiddingsstyl verskille. Op watter wyse gaan besluit word wat is die bepaalde taal en styl van ŉ spesifieke gemeente. In watter mate gaan mens kompromieë tref en lidmate in die proses seermaak en selfs verloor? In watter mate

gaan die gemeente sy bepaalde identiteit behou wat oor jare opgebou is en waarmee die lidmate bekend en gemaklik voel? ’n Gevoel wat baie sterk na vore gekom het is dat die topstruktuur (Algemene Sinode) vinnig besig is om heeltemal uit voeling te raak met die plaaslike lidmate en nie hulle standpunte weerspieël in beleidsbesluite nie. Die vraag is in watter mate gaan die nuwe topstruktuur nog verder verwyderd beleef en gesien word van plaaslike lidmate. ’n Verdere indringende vraag wat meer as een maal gevra is, gaan oor hoekom daar soveel klem gelê word op eenheid tussen die bepaalde 4 kerke terwyl die sg. Susterskerke al vir meer as ’n eeu nie een kerk is nie oor baie kleiner sake. Dit laat opnuut die vrae oor werklike motiewe ontstaan.

D. Gesamentlike projekte

Die gevoel hier is in ooreenstemming met ’n baie sterk oorheersende oortuiging dat ware eenheid nie struktureel gemanipuleer kan word nie en eerder van onder af op moet gebeur. In die sin van die woord is die gevoel teenoor die gedagte van gesamentlike projekte positief – mits dit van “onder af” kom – met ander woorde lidmate en plaaslike gemeentes wat self besluit en self inisiatief neem. Die besef is ’n paar maal uitgespreek dat projekte en versoening en eenwording ’n stuk uitreik en persoonlike grense oorsteek gaan behels. Die gevoel is ook deur ’n paar lidmate uitgespreek dat die soort projekte eenvoudig moet wees en nie ingewikkeld met ’n klomp rompslomp nie. Dinge soos ’n basaar, tee drink en besoeke is genoem.

E. Versoeningsprosesse

Een van die sterkste sentimente wat hier uitgespreek is, is dat die proses van integrasie nie met die stokke van die verlede moet saamgaan nie. Die lidmate wat gekonsulteer is, is baie duidelik glad nie lus vir skuldmanipulasie nie. Hulle kry genoeg daarmee te doen by hulle onderskeie werke. Versoening kan nie geskied met om mense wat nie eers vir situasie verantwoordelik was in die verlede “op parool vry te laat” nie. Wanneer dit by eenheid kom, moet God sentraal staan. Ons eenheid is nie ’n struktureel gemanipuleerde ding nie, maar a.g.v. die band wat bestaan omdat ons in EEN Verlosser en die onfeilbaarheid van God se Woord glo. Dit is ’n ding van die hart.

F. Moontlike nuwe naam

Hierdie was een punt waar deur die bank niemand regtig iets kon of wou voorstel nie.